Hiermee verklaar ek Genl-maj A J M JOUBERT (AFGETREE) van Pretoria as volg onder eed.

1

'n Dokument getitel "Aanbieding BSB aan HSAW: HSAW kommentaar gedateer 28 April 87 bestaande uit 15 paragrawe, wat ek hierby aanheg en parafeer, is vandag 10.7.93 aan my getoon.

2

Ek identifiseer die aangehegde dokument as 'n afskrif van 'n outentieke notule van 'n vergadering wat ek persoonlik bygewoon het, na die beste van my herhindering weerspieël dit 'n redelike weergawe van die vergadering.

3

Dit was 'n tipiese voorligtings vergadering aan die HSAW waartydens, beplanning, koördinering en optredes rakende die BSB se hantering bespreek is. Tydens hierdie vergadering is sekere aspekte in detail bespreek en het die HSAW riglyne verskaf.

4

Na my wete was die volgende mense teenwoordig:

HSAW - Genl Geldenhuys. *Gen Commanding*

DGSM - Genl-maj Joubert. *OC Special Forces*

BSB Direkteur - Kol Verster.

*Personal Staff Officer*
HSAW PSO - Brig Sonnekus. *Chief Staff*

BSB Streekbest - Kmdt Meerholtz. *RCC B Reg manager*
Sekretaris (Intussen oorlede)

Die vergadering het plaasgevind in die noord-oos Tvl by 'n BSB standplaas.

south african history archive SAHA

5

Ons het die dokument as geklasifiseerd hanteer (uiters-geheim) dit kon nie as sulks indensifiseer word nie, weens die feit dat die BSB in 'n privaat hoedanigheid funksioneer het.

6

Die inhoud van die dokument spreek vanself, en beteken presies wat dit sê. Hierdie dokument is 'n sprekende bewys dat daar te alle tye beheer en kontrole oor die BSB aktiwiteite was.

7

Die rede waarom paragraaf 7 geformuleer is soos dit tans daar uitsien, is omdat dit beskou is as regsgeldige militêre optrede teen 'n ge-identifiseerde amptelike vyand van die Staat. ("Vy") = vyand. Nie standaard wapens is gebruik daarop om

terugspoorbaarheid te verhoed.

8

Die indruk moet nie geskep word, weens die woorde wat in paragraaf 7 gebruik is, dat alle teikens noodwendig menslike teikens was nie.

9

Ek was ook teenwoordig op die vergadering van 12 Mei 87 waarop soortgelyke besprekings hanteer was.

10

Ek kan bevestig dat die moord op Goniwe en sy meelopers nie 'n Spes-magte of BSB operasie was nie.

11

Ek is pertinent gevra om kommentaar te lewer na par. 15.5 en die verwysing na Komops (kommunikasie-operasies) kontrakte. Komops in hierdie konteks verwys na Strategiese-kommunikasie in die breë soos ge-koordineer in die staat.

12

Die volgende terminologie kan ek as volg verduidelik

OG = Ouditeur - generaal
BGSM = Bevelvoerende Generaal Spesiale Magte
DTI = Direkteur teen inligting
BSB = Burgerlike Samewerking Buro
AMI = Afdeling militêre inligting.

Ek is op die hoogte met die inhoud van die verklaring (Ek het dit self uitgeskryf)

Ek het nie beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie, en beskou die eed as bindend op my gewete.

(Geteken)

Die verklaring is behoorlik onderteken en be-eedig in my teenwoordigheid op hede die 10 dag van Julie 1993 te H. F. Verwoerd Lughawe in Port Elizabeth.

Handtekening (geteken)
Volle name Pieter Irinus van Heerden
Besigheids Adres S.A. Polisie H.F.Verwoerd Lughawe Walmer Port Elizabeth
Vrederegter
Ampshalwe Kommissaris van Ede
Ampsbenaming (rang) Adj Off Republiek en Suidwes-Afrika
Datum 93-07-10 Plek Port Elizabeth

south african history archive SAHA

28 APRIL 1987

## AANBIEDING BSB AAN H SAW : H SAW KOMMENTAAR

KOMMENTAAR TOV BGSM INLEIDING

1. H SAW voorsien nie dat BSB n formele struktuur sal hê nie - aanvaar egter verduideliking dat die tweede stadium van ontwikkeling volgens beplanning hierdie aspek sal opklaar.

2. Duplikasie van fasiliteite tussen BSB en AMI keel H SAW nie en waar dit in die toekoms op laer vlak probleme mag oplewer moet dit in gedagte gehou word dat dit deur H SAW aanvaar is.

3. H SAW sien BSB as n langtermyn projek en gee dit as n riglyn dat die kort- en mediumtermyn operasies nie BSB projekte moet ondermyn of benadeel nie.

4. Aanvaar nie dat BSB n beheerprobleem het nie, voel dat die projekte gedesentraliseer moet word en dat beheer afhang van die mate van kundigheid van die bestuurders.

BESPREKINGSPUNTE : KOMMENTAAR H SAW

5. H SAW stem saam met die probleem tov tydsaspekte en bevestig dat dit verband hou met punt 3.

6. Tipe operateurs wat aangewend word stem H SAW saam mee en bevestig weereens dat dit verband hou met beide punt 3 en 6.

7. Metodes wat aangewend word. H SAW sien die optredes nie as "moord" nie en definieer dit as volg : "n Aanval op n individuele (vy) teiken met nie-standaard uitreiking wapens op n onkonvensionele wyse - om nie onskuldiges te raak nie."

8. Dokumentasie. H SAW voel dat die dispuut tussen BGSM en Adm Putter hanteer moet word en n onderlinge reëling getref moet word. Riglyn is die moontlikheid van n AMI lid wat op DT sterkte bly maar by BSB werksaam is.

9. Binnelandse Optrede. H SAW bevestig dat BGSM opdrag ontvang het om die binnelandse vermoë te verdubbel. Die volgende verdere punte word deur H SAW gemaak :

   9.1. SAP/Spes Magte skakeling moet self deur BSB en BGSM verbeter word.

   9.2. Eliminering van spesifieke teikens - n kanaal vir hantering van hierdie aspekte word tans daargestel. Die kanaal word 12 Mei bespreek en BGSM sal by wees.

10. Beskerming van BSB Operateurs. Hierdie aspek tov aanbiedings sal ook 12 Mei bespreek word, spesifieke plek van aanbieding word deur BGSM bepaal. Die volgende punte word deur H SAW gemaak :

   10.1. Breë beginselmagtigings vir projekte voorsien hy nie.

FROM : JULIAN KNIGHTS&SS PHONE NO. : 2712228661 9 JUL. 02 1996 02:12PM P11

10.2. BSB mag voorstelle maak vir teikens maar dit moet langs BGSM kanaal direk na H SAW gaan.

10.3. Moet nie beskermingsaksies te ver probeer voer nie, moet egter die papiervol sny.

*(4) 10.4. VG lede. H SAW besluit dat hulle insae in dokumente totaal verkeerd is. Hierdie aspek moet ssm met Adm Bekker bespreek word deur BGSM en die probleem moet so spoedig moontlik opgelos word.

10.5. Aankoopprosedures. H SAW beslis dit moet soos punt 10.4. hanteer word.

OPSOMMENDE KOMMENTAAR : HSAW

11. Verlang professionele optrede gebasseer op gesonde doktrine.

12. Navorsing moet gedoen word en n doktrine moet ontwikkel word.

13. Werwing van operateurs moet volgens n spesifieke konsep of doktrine gedoen word.

14. Beginsels vir optrede onder dekking moet nagevors word en lede moet opgelei word, miskien sal dit nie n formele tipe opleiding wees nie.

15. Kundigheid is n faktor wat nie buite rekening gelaat moet word nie, waar ons in gebreke is, moet dit gekoop word of op een of ander wyse beskikbaar gemaak word. Hier geld die volgende aspekte :

15.1. Finansies.

15.2. Regsaspekte.

15.3. Maatskappye en organisatoriese aspekte.

15.4. Hantering van fondse onder dekking.

15.5. Moontlikheid om van komops te leer moet ondersoek word - BGSI moet skakel om BSB op Komops kontakte te laat kapitaliseer.

Existing co-omps ops
7 8 April '87
(Eg Kaiser/BC/S, AtEd)

C.A.J. MEERHOLZ

south african history archive SAHA

FROM : JULIAN KNIGHT&ASS PHONE NO. : 2712328619 Jul. 02 1996 02:12PM P12